

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Personeelblad van die NWU

VOLUME 6 No 1 Maart 2012

**'n Kolhou vir
skoon lug**

**Sit af
daardie
ligte**

**Navorsing en
onderrig-leer
vat hande**

**Hallo,
eerstejaars**

INHOUDSOPGAWE

- 2 Industrie vra meer as net vakkennis
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish! hier's ons weer!
- 4 Navorsing en onderrig-leer vat hande by konferensie
- 5 NWU verwelkom eerstejaars
- 6 NWU beloon uitnemende navorsers
- 8 Quali bou kundigheid en kapasiteit
Marlie skitter in Korea
- 9 Krag, waar is jou einde?
- 10 Prof Kobus slaan 'n kolhou vir skoon lug
- 12 Fokus op ... beroepsgesondheid en veiligheid
- 13 Kampusnuus: Mafikeng
- 14 Kampusnuus: Potchefstroom
- 15 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 16 NWU-kundiges ken hul storie
- 17 Mense wat myle stap
- 18 Eish!-lesers gee terugvoer
Prof Martin help met kwaliteit in SA
- 19 Wen! Wen! Wen!



Voorblad – Prof Kobus Pienaar, die dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus, is 'n kranige gholfspeler en navorser. Lees meer oor hom, sy gesin en sy fakulteit op p10 en 11.

Industrie vra meer as net vakkennis

Graduandi moet meer as net vakkundiges wees – hulle moet ook 'sagter' vaardighede hê.

Dié feite het aan die lig gekom tydens 'n vergadering wat die NWU met afgevaardigdes van die industrie op 17 November 2011 in Sandton gehou het.

Tydens die vergadering het NWU-bestuurslede en die dekaane (of hul verteenwoordigers) van die NWU se fakulteite vir Ekonomiese Wetenskappe met verteenwoordigers van finansiële instellings gesels oor wat hulle van NWU-graduandi verwag.

Van die 'sagter' vaardighede wat hulle aangedui het graduandi moet hê, is byvoorbeeld voorleggings-, netwerk- en kommunikasievaardighede, kreatiwiteit, emosionele intelligensie en die vermoë om innoverend te dink.

"Geleenthede soos hierdie gee die NWU die kans om eerstehands uit te vind tot watter mate ons sillabusse aan die vereistes van die industrie beantwoord," sê prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie, wat die geleentheid namens die visekanselier gereël het.

Prof Theuns Pelser het die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus verteenwoordig, en prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-Leer en prof Elsabe Loots, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het die Potchefstroomkampus verteenwoordig. Prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning en prof Herman van der Merwe, die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het die Vaaldriehoekkampus verteenwoordig.

Die NWU gaan vanjaar drie sulke gespreksgeleenthede reël. Die fakulteite wat aan die beurt gaan kom, sal later bekend gemaak word.

Redaksionele span: Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Pertunia Thulo, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemsse.

Bladuitleg: Graphikos. **Drukwerk:** Platinum Press. **Fotografie:** Maclez Studios, Nelia Engelbrecht, Pertunia Thulo, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppel, Annette Willemsse. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.

BOODSKAP VAN DIE **Visekanselier**

Beste kollegas

2012 is reeds volstroom aan die gang, en dit is reeds van vroeg in Januarie aan die tuis- en nasionale front duidelik dat hierdie jaar 'n belangrike – en opwindende – tyd in die geskiedenis van die NWU en die hoërondwyssektor in Suid-Afrika gaan wees.

Soos die meeste Suid-Afrikaanse universiteite het die NWU ook 'n rekordgetal nuweling-eerstejaarskrywings vir 2012. Ons almal besef dat die druk om verhoogde toegangseleenthede tot tersiêre studie in Suid-Afrika baie uitdagings meebring. Op sy beurt noodsaak dit die soeke na innoverende en volhoubare oplossings vir 'n effektiewe en kontekstsensitiewe hoërondwysstelsel.

Ek besef ook toenemend hoe verskriklik belangrik dit is om die fyn balans tussen toepaslike onderrig-leer, relevante navorsing en eietydse kommersialisering van kundigheid vir ons almal by die NWU te handhaaf. Dit sal ons in staat stel om 'n optimale bydrae te lewer tot die ontwikkelende plaaslike en streekse ekonomieë van die omgewings waarin die kampusse geleë is.

Om nog groter tasbaarheid hieraan te gee, sal julle sien dat die 2012-2014 Institusionele Plan wat nou op alle vlakke praktiese beslag kry deur

die prestasieooreenkomsstelsel, regtig gemik is op die stapsgewyse realisering van die NWU-visie. Soos julle weet, is dit ons visie om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling te word wat waardegetrou, deur goeie bestuur en volhoubare transformasie op plaaslike vlakke betrokke is, op nasionale gebied goed geposisioneer is en op internasionale vlak erkenning geniet.

Ons het inderdaad baie werk en moet nou, soos nog nooit tevore nie, kapitaliseer op die ruim geleentheid tot innovering wat vir ons beskikbaar is. Ek het hoë verwagtinge dat die groot HOKR-projek en ook die ander opwindende projekte wat tans in die onderrig-leeromgewing aan die gang is reeds op kort termyn 'n positiewe effek op akademiese personeel, studente en afstuderendes by die NWU gaan hê. Ek glo dat die verhoogde navorsingsuitsetkurwe wat ons van 2008 af by al die kampusse sien werklik volhoubaar is en in diepte en breedte kan groei. Ek is ook oortuig dat – terwyl die NWU se voortgaande gemeenskapsbetrokkenheid op al die plaaslike en streeksvlakke waar ons kampusse

geleë is groter momentum kry – ons internasionaliseringsprofiel werklik in hierdie jaar beslag gaan kry.

Lekker lees aan hierdie eerste uitgawe van Eish! en kyk in elke artikel hoe ons onvermoeid op grondvlak aan die werk is om juis hierdie visie waar te maak.

Baie sterkte vir 2012. Mag elkeen van ons in ons professionele en persoonlike verband baie genade kry om met toewyding en 'n gesonde werk-lewe-balans te werk sodat ons regtig vervuld en tevrede is.

Seën vir julle!

Thinus Cloff



Teen dié tyd is die Desembervakansie net 'n vae herinnering in die geheue en is die NWU in volle swang.

Probleme met toelatings- en registrasieprosesse elders in die hoërondwyssektor het vroeër vanjaar groot opslae in die media gemaak. By die NWU het die prosesse gelukkig vlot verloop

Eish! hier's ons weer!

en is meer as 7 000 eerstejaars ontvang. Lees gerus meer hieroor op p5.

In 2012 het talle voorgaande en nagraadse studente via die web geregistreer, wat die registrasieproses aansienlik vergemaklik het. Mnr. Philip Ellis, Bestuurder: Studente Administratiewe Stelsels, sê hulle is al 'n paar jaar besig met die ontwikkeling van die webregistrasiestelsel.

Fakulteite dwarsoor die NWU het verlede jaar die geleentheid gehad om aan te dui watter programme en watter vlakke van elke program en kurrikulum beskikbaar moes wees vir webregistrasies en ook wanneer dit beskikbaar moes wees. Dit het daartoe gelei dat ongeveer 60% van alle kurrikulum-vlakke vanjaar gereed was vir webregistrasie.

Soos altyd gee ons graag erkenning aan NWU-prestasies – op p6 kom personeel wat toekennings

gekry het vir navorsing, innovasie, kreatiewe uitsette en gemeenskapsdiens aan die beurt, en op p14 kan julle meer lees oor prof Awie van Wyk en die NWU-PUK-koor wat 'n internasionale koorkompetisie in Praag gewen het.

Daar word al hoe meer klem gelê op volhoubare en verantwoordelike gebruik van elektrisiteit en al die ander skaars hulpbronne en juis daarom het Eish! weer met Fisiese Infrastruktuur en Beplanning hieroor gesels – lees gerus meer op p9.

Eish! doen 'n beroep op elke personeelid en student om die daad by die woord te voeg en jou deel te doen om elektrisiteit te spaar. Skakel verwarmers en lugversorgers af wanneer daar van noodkrag gebruik gemaak word, maak seker alle ligte is afgeskakel wanneer jy jou kantoor verlaat, en moedig jou kollegas aan om dieselfde te doen.

Lekker lees,

Nelia & Marelize

Navorsing en onderrig-leer vat hande by konferensie

Navorsing en onderrig-leer was in die kollig by die NWU se eerste konferensie oor onderrig-leer wat op 26 en 27 Oktober 2011 by die Sports Village op die Potchefstroomkampus gehou is.

Altesaam 64 akademici en akademiese ondersteuningspersoneel van die NWU se drie kampusse asook die Institusionele Kantoor het die konferensie – met die onderwerp “Die bou van ’n gemeenskap van praktyk in onderrig-leer” – bygewoon.

Van die belangrike kwessies wat by die konferensie na vore gekom het, is hoe om toegang tot en sukses in hoër onderwys te bevorder vir ’n breë

en diverse leergemeenskap, en die gebruik van moderne tegnologie om dit reg te kry.

Die hoofsprekers was onderrig-leer-kundiges van verskeie universiteite in Suid-Afrika. Hulle was prof Cheryl Foxcroft en prof Ian Scott (Universiteit van Kaapstad), prof Yusef Wahgid (Universiteit van Stellenbosch), me Nicolene Murdoch (Monash Suid-Afrika) en prof Walter Claassen en prof Louis Fourie (Universiteit van die Wes-Kaap).

NWU-akademici wat gedurende die afgelope vyf jaar die Institusionele Toekenning vir Onder-riguitnemendheid (ITOU) ontvang het, het hul

praktiese onderrig-leer-ervaring en hul ervaring van die ITOU-evalueringsproses met afgevaardigdes gedeel. (Sien teksblokkie vir meer besonderhede.)

Die NWU wil in 2012 ’n soortgelyke konferensie aanbied, sê dr Muki Moeng, Direkteur: Onderrig- Leer in die Institusionele Kantoor. Haar departement, Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, het die 2011-konferensie in samewerking met kollegas van die onderskeie kampusse gereël.

ITOU-wenners lewer bydraes

“Die sterkpuntgebaseerde benadering ignoreer nie swakpunte nie, maar identifiseer sterkpunte en ondervang swakpunte deur bestaande sterkpunte uit te bou. Ons het besluit om ’n sterkpuntgebaseerde benadering te volg: ’n behoefte-ontleding is gebruik om spesifieke areas van swak- en sterkpunte uit te wys wat studente ervaar.” – **Me Annelize Cronje, prof Simeon Materechera en dr Mamolahluwa Mokoena, Mafikengkampus.** (Titel: “Die gebruik van ’n behoefte-ontleding om swak voorbereide studente op ’n kreatiewe manier te ondersteun.”)

“As mense nie weet hoe om iets te verander nie, is hulle geneig om vas te haak by ou gunsteling wat intussen smaakloos geword het. Dit is baie hartseer, want dit lei net tot stagnasie en

middelmatigheid. Ek doen ’n beroep op u om u handskoene uit te trek en ’n eie resep uit te dink om ’n ‘goeie’ dosent te word – want innovasie is ’n werkwoord.” – **Prof Jaco Fouché, Potchefstroomkampus.** (Titel: “Innovasie is ’n werkwoord”.)

“Wanneer leerders by mekaar leer, word hulle deel van ’n ondersoekende gemeenskap. Deur nuwe tegnologie innoverend te gebruik, het studente positiewe ontwikkeling getoon wat betref kritiese denkvaardighede en die vermoë om as deel van ’n leergemeenskap te funksioneer.” – **Dr Esmarie Strydom en dr Marieta Jansen van Vuuren, Vaaldriehoek-kampus.** (Titel: “Die gebruik van tegnologie om ’n ondersoekende gemeenskap te bou.”)

So baat ons

Eish! het vir prof Martin Oosthuizen, Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer en dr Muki Moeng, Direkteur: Onderrig-Leer, gevra hoe die NWU by die konferensie gebaat het. Hulle het so gereageer:

Prof Martin: “By ’n konferensie soos hierdie, wat ’n jaarlikse instelling gaan word, kan NWU-personeel hul suksesstories met mekaar deel, gesels oor die uitdagings wat hulle ervaar, en kollegas identifiseer met wie hulle kan saamwerk om hul onderrig-leervaardighede te ontwikkel. Op dié manier kry ons lewenskragtige gemeenskappe van praktyk wat kan saamwerk om professionalisme in onderrig en leer te bevorder.”

Dr Muki: “Die konferensie was ’n platform vir akademici om te wys wat hulle in die klaskamersituasie doen, en hulle is bekendgestel aan maniere om ondersoek in te stel na hul eie onderrig en die leer van hul studente.

Volgens haar het verlede jaar se konferensie hoofsaaklik gefokus op NWU-akademici wat interne ervaringe gedeel het. Die volgende konferensie gaan ietwat meer “oop” wees. “Vanjaar gaan ons akademici en ondersteuningspersoneel van onderrig- en leersentra van die verskillende hoërsonderwysinstansies regoor Suid-Afrika uitnooi.”

Mnr Corneels Schabot van die Potchefstroomkampus en mnr Livingstone Makondo van die Mafikengkampus was deel van die 64 NWU-personeellede wat 2011 se onderrig-leerkonferensie bygewoon het.



NWU verwelkom eerstejaars



Van die eerstejaars wat op die Vaaldriehoek-kampus verwelkom is, stap 2012 tegemoet.

Die Noordwes-Universiteit het vanjaar weer 'n groot aantal eerstejaars op die onderskeie kampusse verwelkom.

Die Mafikengkampus het Sondag 22 Januarie meer as 5 000 ouers en eerstejaars in die Great Hall verwelkom. Dié studente en ouers is deur dr Theuns Eloff, Visekanselier, dr Sam Thekiso, studentedekaan, en die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad toegesprek. Tydens die inligtingsessie is sake soos registrasie, akkommodasie en beurse bespreek, en na afloop daarvan is eerstejaars na hul koshuise geneem. Die amptelike oriëntering het plaasgevind vanaf 30 Januarie tot 3 Februarie.

Die Potchefstroomkampus was op Saterdag 14 Januarie 'n miernes van bedrywighede toe sowat 10 000 mense die kampus betree het om die verwagte 4 500 nuwe eerstejaars vir 2012 te vergesel en te verwelkom. Die kampus se amfiteater was van vroegoggend af volgepak en gaste wat nie sitplek hiër gekry

het nie, het die verrigtinge in die auditorium en elders op groot skerms gevolg. Die kampusrektor, prof Herman van Schalkwyk, se opmerking dat damestudente sowat 67% van die getalle op kampus uitmaak, is luid toegejuig deur die manstudente.

Meer as 1 600 eerstejaars is Woensdag 25 Januarie op die Vaaldriehoekkampus verwelkom. Die Viserektor: Akademie en Beplanning, prof Linda du Plessis, het die koms van die nuwe studente vergelyk met 'n vars bries en dié studente

aangemoedig om die kampus hul tweede tuiste te maak en deel te word van 'n groot uitgebreide familie. Sy het verder ook die studente aangemoedig om elke geleentheid wat oor hul pad kom, aan te gryp – of dit nou akademie, kulturele aktiwiteite, sport of ander studente-inisiatiewe is.

Onder: *Op die Mafikengkampus het die eerstejaars en hulle ouers elke denkbare spasie in die Great Hall beset.*



Links: *Die uitvoerende burgemeester van die Tlokwe Munisipaliteit in Potchefstroom, mnr Maphetle Maphetle, het sy dogter, Lesego, vergesel na die ontvangs van die eerstejaarstudente op die Potchefstroomkampus. Hier is hy saam met sy vrou, Busisiwe en die kampusrektor, prof Herman van Schalkwyk.*

NWU beloon uitnemende navorsers

Toegewydheid word beloon – dit het duidelik geblyk toe NWU-personeellede op Vrydag 28 Oktober 2011 tydens 'n glansgeleentheid in Potchefstroom toekennings ontvang het vir navorsing, innovasie, gemeenskapsverbintenisse en kreatiwiteit.

As hoogtepunt van die aand, is prof Eno Ebenso van die Skool vir Fisika in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikeng-kampus aangewys as die Mees Internasionaal Aangehaalde Navorsers.

Prof Eno het tussen 2005 en 2010 bydraes gelewer tot 20 artikels in vaktydskrifte wat in die Internasionale *Web of Science* aangehaal word, en is in dieselfde tydperk 80 keer aangehaal. Dit kom neer op vier aanhalings per artikel, wat ses keer meer is as wat navorsers op sy vakgebied gemiddeld aangehaal word. Hy is in die internasionale *Scopus Index* aangedui as die wêreld se vierde mees produktiewe navorsers op sy gebied.

TOPNAVORSERS

Prof Melville Saayman, die direkteur van die navorsingsfokusarea, Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Gemeenskap, is aangewys as die NWU se Mees Produktiewe Navorsers van die Jaar.

Prof Melville se hoë navorsingsuitsette in 2010 het tot hierdie toekenning gelei. Hy het bydraes tot 22 internasionale kongresse gelewer, was die mede-outeur van 14 joernaalartikels en die promotor vir drie PhD- en vier meestersgraadstudente.

Dr Jaco Gerike van die Skool vir Basiese Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus het die toekenning van Mees Produktiewe Junior Navorsers van die Jaar ontvang.

Dr Jaco het in 2010 bydraes tot agt joernaalartikels en een hoofstuk in 'n boek gelewer. Daarby het hy ses voordragte by nasionale en internasionale kongresse gelewer.

VOORSTE EENHEID

Die Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroom-kampus is

Prof Eno Ebenso van die Mafikeng-kampus (links) ontvang sy toekenning as Mees Internasionaal Aangehaalde Navorsers van die Jaar van dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU.

bekroon as Mees Produktiewe Navorsingsentiteit aan die NWU vir 2010.

Die eenheid – met prof Jeanetta du Plessis as direkteur – het die volgende navorsingsuitsette gedurende 2010 gelewer:

- Joernaalartikels: 23,51 eenhede
- PhD-studente: nege
- Meestersgraadstudente: 33
- Bydraes tot kongresse: 40

Die eenheid het ook verskeie patente vir registrasie voorgelê en 15 toekennings vir befondsing van 'n verskeidenheid bronne ontvang.

Wat die eenheid se prestasies in 2010 nog meer besonder maak, is die feit dat dit 'n relatiewe klein entiteit is, met net ongeveer 20 aktiewe medewerkers.

Prof Pieter Buys van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus het die Pro Reformando Trust se HG Stoker-prys ontvang.



Prof Melville Saayman van die fokusarea Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Gemeenskap in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus is aangewys as die NWU se Mees Produktiewe Navorsers van die Jaar.



Dié prys word toegeken vir uitnemende publikasies wat die doel van die trust bevorder.

Die prys is aan prof Pieter toegeken vir sy rigtinggewende navorsingsartikel *"Legitimacy lost: Accounting's predicament"*, waarin Christelike perspektiewe en standpunte duidelik na vore kom.

INTERNASIONALE LEIERS

Die volgende personeel – almal van die Potchefstroomkampus – het toekennings gekry vir hul uitsonderlike leierskap in internasionale organisasies:

- Prof Henk Bouwman, Dierkunde, Fakulteit Natuurwetenskappe
- Prof Klaus Kellner, Plantkunde, Fakulteit Natuurwetenskappe
- Prof Kobus Pienaar, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe
- Prof Hester Klopper, voormalige direkteur van die Skool vir Verpleegkunde, Fakulteit Gesondheidswetenskappe

INNOVEERDERS BLINK UIT

Die toekenning vir die Top-tegnologie-innoveerder vir 2010 is aan prof Corrie du Toit en me Marié du Toit oorhandig vir die suksesvolle kommersialisering van die MYLAB-laboratoriumstelle vir graad 4- tot 12-onderwysers.

Mnr Danie Stoop, die hoof van Elektroniese Dienste en mnr Dolf Engels, die direkteur van Beskermingsdienste – albei op die Potchefstroomkampus – het die toekenning ontvang vir die mees innoverende bydrae om 'n bestuurstelsel, proses of werkverrigting by die NWU te verbeter.



Prof Franci Greyling van die Skool vir Tale in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus ontvang haar toekenning vir kreatiewe uitsette van prof Dan Kgwadi, die rektor van die Mafikengkampus.

Die ontwikkeling van 'n lisensieskandeerder by die toegangshekke van die universiteit het aan hulle hierdie toekenning besorg.

KREATIWITEIT LAAT HUL WEN

Ook personeel wat kreatiewe uitsette in 2010 gelewer het, is vereer.

Hulle is prof Piet Koornhof en dr Hannes Taljaard van die Skool vir Musiek, mnr Richardt Strydom en mnr Wessie van der Westhuizen van Grafiese Ontwerp in die Skool vir Kommunikasiestudies en prof Franci Greyling van die Skool vir Tale. Almal is verbonde aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus.

HARTSDIENS AAN GEMEENSAP

Die Visekanselierstoekenning vir Uitnemendheid in Gemeenskapsverbintenis is aan die volgende persone of entiteite toegeken:

- Die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding vir aanvullende oplei-

Die Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -ontwikkeling in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus is bekroon as Mees Produktiewe Navorsingsentiteit aan die NWU vir 2010. Prof Jeanetta du Plessis is die direkteur van dié eenheid.

ding en mentorskap aan opvoeders, met prof Willie van Vollenhoven as koördineerder.

- Prof Japie Mienie, vir die diagnoserig en behandeling van aangebore metaboliese defekte.
- Me Marilize Minne vir die Kanker in die werkplek-projek.
- Die Potchefstroomkampus se Regskliniek vir regshulp en kapasiteitsbou (mnr Schalk Meyer).

MEDALJEWENNERS

Die ABSA-bronsmedalje vir die beste meestersgraadstudent in die Geesteswetenskappe is aan me Lize Terblanche van die Vaaldriehoekskampus toegeken.

Die wenner van die S2A3-medalje vir die beste meestersgraadstudent in die Natuurwetenskappe of Ingenieurswese was me Sune von Solms van die Potchefstroomkampus.

OORKONDE

Mnr Frans Kruger, die hoof van Institusionele Regsdienste, het 'n oorkonde ontvang vir sy bydrae tot die ontwikkeling van 'n patentregister vir die NWU.

Tydens die prysuitdelingsfunksie het die universiteit ook erkenning gegee aan die navorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting gegradeer is.

Kuali bou IT-kundigheid en kapasiteit

Die kundigheid en produktiwiteit van Institusionele Inligtingstegnologie se spanne wat aan die ontwikkeling van die Kuali Student-rekenaarstelsel deelneem, het daartoe gelei dat die Amerikaners nou 'n bykomende NWU-span befonds.

Die NWU is nou reeds 'n jaar lank betrokke by Kuali Student, 'n internasionale samewerkingsprojek wat 'n studente-administrasiestelsel is wat deur universiteite vir universiteite ontwikkel word.

Die NWU werk saam met parallelle spanne van verskeie Amerikaanse en Kanadese universiteite aan die ontwikkeling van die stelsel, en het die afgelope ses maande veral nou saamgewerk met die span van die Universiteit van Maryland.

NWU-SPAN PRESTEER

"Ek is baie verras met ons mense se prestasie en gehalte werk," sê mnr Attie Juyn, Hoofdirekteur Inligtingstegnologie. "Ons het baie positiewe terugvoer gekry van Maryland en noudat die Kuali-stigting die bykomende NWU-span befonds, beteken dit dat twee van die ses spanne wat Kuali Student ontwikkel, van die NWU is."

Die aanvanklike NWU-span het verlede jaar gehelp met die ontwikkeling van 'n module vir kurrikulumbestuur. Dié module word nou geconfigureer (aangepas) en geïmplementeer vir die NWU se Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde-(IKAS-) prosesse, wat tot dusver baie papier-gebaseer was.

AANDELE IN KAAPSE MAATSKAPPY

Die NWU-span sluit ook personeel van Open-Collab in, 'n programontwikkelingsmaatskappy in Kaapstad wat die afgelope jare die NWU se studentestelsels help ontwikkel en onderhou het. Die NWU het onlangs die meerderheidsaandeel van dié onderneming gekoop.

Die NWU-span werk sedert Januarie aan 'n inskrywingsmodule wat verskillende prosesse – van aansoeke tot kwalifikasieverwerwing – insluit. Die ontwikkeling hiervan behoort ongeveer twee jaar te neem.

"Die Kuali-suite of pakket sluit verskeie oopbronsstelsels in, en die Kuali-gemeenskap groei vinnig. Daar was byvoorbeeld meer as 900 mense van ongeveer 50 universiteite by 'n

Kuali-konferensie wat ons in November verlede jaar in Indianapolis bygewoon het," sê Attie.

NUWE FINANSIËLE STELSEL?

Een van die ander stelsels in die Kuali-pakket is Kuali Finansies. Afgevaardigdes van die NWU het Cornell- en Michigan State-Universiteit aan die einde van 2011 besoek om te kyk of dié stelsel nie ook by die NWU geïmplementeer behoort te word nie. Die Kuali-stigting het dié stelsel reeds ontwikkel voor die NWU deel geword het van Kuali.

Me Elmarie de Beer, Hoofdirekteur: Finansies, is van mening dat dit beslis 'n werkbare oplossing is wat goed sal inpas in die NWU se breër Kuali-strategie. Die finale aanbeveling aan die Institusionele Bestuur is onderhewig aan 'n uitvoerbaarheidstudie wat tans onderweg is, en wat in meer besonderhede aandag gee aan geïdentifiseerde gapings.

"Kommersiële produkte se lisensiegeld en onderhoudskoste bly styg. Behalwe dat deelname aan Kuali lisensiegeldde spaar, is die programme pasgemaak vir universiteite, terwyl ander stelsels nie spesifiek vir universiteite ontwerp is nie," sê Attie.

NWU NEEM VOORTOU

Hoewel die NWU tans die enigste Suid-Afrikaanse universiteit is wat aan die ontwikkeling van Kuali Student deelneem, het ander universiteite soos Stellenbosch en die Universiteit van Johannesburg ook reeds belangstelling getoon.

"Ons is gelukkig dat ons bestuur ingestel is op innovasie en ons ondersteun terwyl ons die platform vir verdere ontwikkeling in Suid-Afrika vestig. Wanneer die Kuali-gemeenskap in Suid-Afrika uitbrei, sal die NWU in staat wees om ondersteuning en leiding aan ander Suid-Afrikaanse universiteite te gee."

Attie glo dat die NWU se betrokkenheid by Kuali help om plaaslike kundigheid te ontwikkel en te behou. "Omdat ons vir Suid-Afrikaners die nodige blootstelling en ontwikkelingsgeleenthede gee, help die NWU nie net om interne kapasiteit te bou nie, maar ook om kundigheid in die land te hou. Ons pluk reeds die vrugte van die eerste Kuali-gebaseerde stelsels wat in produksie is."



Marlie skitter in Korea

Me Marlie Jonker, die Potchefstroomkampus se Mej Kampus vir 2011, is in September verlede jaar gekroon as Mej SA Kampus – dus die mooiste kampusnoui in die land.

Tussen 28 November en 18 Desember het sy Suid-Afrika by die *World Miss University 2011* in Seoel, Suid-Korea verteenwoordig.

Marlie is verlede jaar ook aangewys as die redakteur van die Potchefstroomkampus se studentekoerant, die *Wapad*, vir die termyn 2011/2012.

Marlie het verlede jaar BA Kommunikasie studeer en doen vanjaar 'n nagraadse diploma in Bestuur.

Krag, waar is jou einde?

In 'n vorige uitgawe van Eish! het ons berig oor Eskom se tariefverhoging en die impak wat dit op die universiteit sal hê. Eish! het 'n opvolggesprek gehad met die span van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning (FIB) in die Institusionele Kantoor oor wat hulle doen om die las minder te maak. Ons het met me Liesel van Wyk, afdelingshoof, mnr Christo de Beer, tegnikus, Meet en Weet, en mnr Hendrik Esterhuizen, ingenieur, gesels.

Gedurende 2011 het die NWU ongeveer R51,3 miljoen spandeer aan elektrisiteit. Die Institusionele Kantoor en die Potchefstroomkampus het R37,9 miljoen se elektrisiteit verbruik, die Mafikengkampus R5,7 miljoen en die Vaaldriehoekkampus R7,5 miljoen.

Die universiteit het ook van noodkrag gebruik gemaak en ongeveer R805 190 is gespandeer aan diesel vir die kragopwekkers op die onderseke kampusse. Kragopwekkers by die Institusionele Kantoor en op die Potchefstroomkampus het ongeveer R530 000 se diesel gebruik vir 2011, dié op die Mafikengkampus R221 500, en dié op die Vaaldriehoekkampus R53 500.

'n Enorme deel van die universiteitsbegroting word dus aan elektrisiteit bestee, en as 'n mens die huidige waarskuwings oor dreigende elektrisiteitstekorte in ag neem, is dit nog lank nie die einde nie. "Die groei van ons kampusse maak ook 'n duik in die noodkragkapasiteit, asook die beskikbare krag van Eskom en die betrokke munisipaliteite," sê Christo.

SPAAR, SPAAR, SPAAR

Die universiteit se subsidie vanaf die Departement Hoër Onderwys en Opleiding is ongeveer 40% van die totale begroting, wat beteken dat die universiteit die res van die fondse self moet genereer. Die onus rus dus op personele om waar moontlik te bespaar, nie net om kostes te sny nie, maar ook hul deel te doen om minder elektrisiteit te verbruik.

Volgens Hendrik is elektrisiteitsbesparing, volhoubaarheid en die lasbeheerstrategie 'n leefwyse. "Daar is nie 'n korttermynplan om gou-gou elektrisiteit te bespaar, net om weer terug te keer na ons ou leefwyse nie. Almal moet besef dat ons 'n leefstylverandering moet implementeer en meer groen moet leef," sê hy.

Behalwe dat 'n mens vir al die krag betaal wat verbruik word deur die dag, word die verbruiker nog ekstra belas deur bepaalde ure van die dag en seker tye van die jaar meer te betaal.*

Daarom fokus die lasbeheerstrategie van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning op die verlaging van die elektrisiteitsverbruikpiek om sodoende die koste daaraan verbonde te verminder. Deur hierdie strategie te volg, kon dié departement 'n besparing van ongeveer R4 miljoen gedurende 2011 bewerkstellig.

Al drie kampusse van die NWU maak gebruik van onmiddellike lasbeheer/maksimum aanvraagbeheer. Maksimum aanvraagbeheer bespaar energie op 'n daaglikse basis deur warmwaterstelsels, geisers, verwarmers en lugversorgingseenhede te beheer en dus af te skakel wanneer dit nie gebruik word nie. Alle lasbeheerstelsels word ook ingespan wanneer die noodkragstelsel gebruik word om soveel moontlik kapasiteit te skep en so min diesel as moontlik te gebruik.

DIT IS NIE AL NIE

Die personeel van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning het verskeie ander energie-besparende projekte voltooi, wat sonverhittingswarmwaterstelsels, LED-ligte op die lesingbanke in lesinglokalen en die installasie van energiebesparende gloeilampe insluit.

'n Spesiale beligtingstelsel vir gange is ook ontwerp wat LED-tegnologie gebruik en as noodligte dien in die geval van kragonderbrekings. Ligte word outomaties verdoof indien geen beweging in 'n gang bespeur word nie, en kan selfs in die toekoms aan 'n sonpaneel gekoppel word.

Tans word NWU-personeel op hoogte gehou van die huidige elektrisiteitstatus deur e-posse wat via Groupwise uitgestuur word. Met 'n nuwe stelsel wat ontwikkel word, sal SMS'e en e-posse outomaties uitgestuur word wanneer daar veranderinge in die elektrisiteitstatus is. Verskeie monitors, op sekere punte op die kampusse, sal personeel en studente ten alle tye bewus maak van wat die elektrisiteitsverbruik/behoefte/nood op 'n spesifieke tydstop is.

** Energieverbruik word in die spitslastydperk, standaard- en buitespitstyd gemeet, en word ook volgens aanvraagseisoene geklassifiseer. Lae aanvraagseisoen is van September tot Mei en hoë aanvraagseisoen is in Junie, Julie en Augustus.*



Prof Kobus slaan 'n kolhou vir skoon lug

In ons reeks oor NWU-dekane gesels ons in hierdie eerste uitgawe van 2012 met prof Kobus Pienaar, die dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe op die Potchefstroomkampus. Hy vertel vir ons van sy fakulteit, lugbesoedeling in Suid-Afrika en sy voorliefde vir gholf.

As 'n atmosferiese chemikus hou prof Kobus Pienaar die NWU se naam hoog aan die tuisfront én in die buiteland. Sy reputasie strek ver buite die grense van Suid-Afrika en hy word beskou as een van die voorste kundiges van atmosferiese chemie ter wêreld.

As spog-uitvoerprodukt van Potchefstroom het prof Kobus in 1974 aan die Hoër Tegniese Skool in Potchefstroom gematrikuleer en het hy sy voorgaande BSc-studies, sy hoërondwysdiploma en sy nagraadse BSc-studies aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) voltooi.

Gereed vir aksie – prof Kobus Pienaar en sy dogter, Elmarie, op die Harley Davidson wat hy in 2010 aangeskaf het.

Hoewel hy toe nie gaan skoolhou het nie, was hy lank 'n dosent by die PU vir CHO voor hy in 1999 die direkteur van die Skool vir Chemie en Biochemie en in 2006 die dekaan van die fakulteit geword het.

TOEKENNINGS ONTVANG

Prof Kobus, 'n navorser met 'n C2-gradering van die Nasionale Navorsingstigting, het in 2004 die *National Association for Clean Air Innovators Award* gewen vir sy uitsonderlike bydrae om die kennis van atmosferiese chemie in Suid-Afrika en in die buiteland te bevorder.

In 2008 het hy die beste artikel in die *SA Journal of Chemistry* in fisiese chemie gepubliseer. Dit het hom

die Suid-Afrikaanse Instituut vir Chemie se SA Merck-medalje in die sak gebring.

Tans koördineer hy verskeie internasionale programme wat te doen het met atmosferiese chemie, waaronder die *International Global Atmospheric Chemistry (IGAC) Programme* oor *Deposition of Biogeochemically Important Trace Species Programme*.

Hy dien ook in beleidmakende organisasies soos die *World Meteorological Organisation* se *Science Advisory Group*, IGAC se *Science Steering Committee* en die *International Commission on Atmospheric Chemistry and Global Pollution* en in verskillende adviespanele.

OP EIE DRUMPEL

As dekaan is hy baie trots op die Fakulteit Natuurwetenskappe. "Die fakulteit het die afgelope jare uitstekend daarin geslaag om sy onderrig-leerstandaard en deurvloeijsfer hoog te hou.

"Verder getuig die personeel se gemiddelde navorsingsuitset van 1,42 eenhede per navorser van 'n toegewyde personeelkorps – veral as mens in ag neem dat navorsingsuitsette in Natuurwetenskappe meestal aan eksperimentele werk gekoppel is en dit soms meer as 'n jaar vat om genoeg data vir 'n artikel te kry."

Wat hom baie beïndruk, is die personeel se toegewydheid tot





Prof Kobus Pienaar en sy vrou, Mart, ontspan tydens 'n besoek aan die Max Planck Instituut vir Atmosferiese Chemie in Mainz, Duitsland in Junie 2010.

nuwe kennisontginning en hul vermoë en bereidwilligheid om fondse vir navorsing te soek. "Behalwe dat hulle aan nuwe idees en geleenthede dink, genereer hulle ook meer as 25% van die totale begroting (R50 miljoen) uit derdegeldstroombronne."

DIE WYSHEID VAN SALOMO

As dekaan put prof Kobus baie genot en energie uit sy interaksie met mense. Tog is dekaan-wees nie sonder uitdagings nie.

"By 'n universiteit dink elke persoon sy of haar idees of versoeke moet prioriteit geniet en die dekaan moet dan dikwels die balans handhaaf en regverdige oplossings vind. Dat ek al 31 jaar as ondersteuningspersoneellid,

dosent en bestuurder op verskeie vlakke by die universiteit betrokke is, help darem met perspektief en insig."

Die sukses en vooruitgang van personeel en studente verskaf vir hom groot vreugde.

"My persoonlike wens is dat elke personeellid werklik werkstevredenheid ervaar in dit wat hy of sy doen en dat ons as fakulteit die land en al sy mense daardeur na die beste van ons vermoë sal dien."

Dat prof Kobus nog lank bydraes gaan lewer om kundigheid oor ons planeet se atmosfeer te bevorder, en ook dat die mensdom én die planeet sal baat vind daarby, is vir seker.

Hoe skoon is ons lug?

Prof Kobus sê Suid-Afrika se wetgewing om lugbesoedeling te beheer, is van die beste ter wêreld – en boonop het die NWU daartoe bygedra. Die nakoming van die wetgewing is egter beroerd. "Die kapasiteit bestaan eenvoudig nie om die wetgewing toe te pas nie, en in die meeste gevalle word dit nie behoorlik verstaan nie."

Die goeie nuus is dat Suid-Afrika se lug oor die algemeen darem redelik skoon is, sê hy, veral in Potchefstroom.

"Maar as 'n mens na boonste-lugweginfeksies en longverwante siektes kyk, is dit duidelik dat daar tog probleme op baie plekke is. Jy asem ongeveer 13 kg lug per dag in en eet maar

1 kg kos en drink 1,5 kg water – lug en die gehalte daarvan het dus 'n groot invloed op jou welstand."

Hy sê die mense, eerder as die planeet, is in die moeilikheid. "Die planeet het al baie erger dinge as die mens se besoedeling oorleef, maar die moeilikheid klop aan die deur vir mense."

"Ons het maar beperkte inligting oor wat die afgelope 10 000 jaar op hierdie planeet gebeur het, terwyl die planeet al ongeveer 4,5 biljoen jaar oud is. As 'n mens na die afgelope 10 000 jaar se 'geskiedenis' kyk, dui alles daarop dat 'n tydperk van groot veranderings op aarde moet aanbreek. Hoe gou die groot veranderings gaan plaasvind, kan niemand egter voorspel nie."

Sy voorgree gee die deurslag

Prof Kobus se liefde vir gholף het 'toevallig' begin toe hy saam met die destydse bestuurder van Sasol gaan gholף speel het om oor 'n navorsingskontrak te praat – dit terwyl hy toe nog g'n snars van gholף af geweet het nie.

"Die gholף was 'n mislukking, maar ek het die Sasol-kontrak gekry en aan my gholף-'beperkings' begin werk! "

In 2002 – op aanbeveling van sy hartspesialis – het prof Kobus "ernstig" begin speel en vandag het hy 'n voorgree van 12.

Hy sê 'n mens leer baie van jouself en ander mense op 'n gholfbaan. "Jy kom agter hoe mense suksesse en mislukkings hanteer, of hulle groot kanse vat of oorsigtig is, hoe hulle hindernisse hanteer en – miskien die belangrikste – hoe eerlik hulle is. Of tel hulle dalk net sleg?"

Ander interessanthede

My gunstelingdis: Pap en wors (Die pap moet amper krummelpap wees met botter en suiker.)

My gunstelingfiek: Australia

My gunstelingtroeteldier: Ek is 'n "hond"-mens. Ons enigste "kind" wat in die huis oor is, is 'n wit Husky-wolf-kruis.

Dit maak my gelukkig en laat my lag: My vrou maak my gelukkig en ek lag maklik vanself!

My gunsteling-vakansieplek: San Lameer – dit het 'n lekker strand, 'n mooi gholfbaan en 'n mens kan ook daar naby op die strand perdry.

Hierheen sal ek graag wou reis: Ek was al in baie lande, maar nog nie in Italië nie. Rome en die Vatikaan kan interessant wees.

Dit weet min mense van my: Ek geniet dit om kort plesierritte met my Harley Davidson te onderneem. Ek ry ook graag perd en my ideaal is om baie fiks te wees – maar dit is moeilik om dit reg te kry!

My gesin: My vrou, Mart, is 'n apteker en mede-eienaar van 'n apteek in Potchefstroom. Ons dogter, Elmarie (29) werk in Londen by Sun Guard as 'n kwantitatiewe navorser, nadat sy haar meestersgraad in Bedryfswiskunde en Informatika sowat ses jaar gelede aan die NWU voltooi het. Haar man, David van der Merwe, werk as aktuariële stelselargitek in Londen. Hy is 'n rekenaarwetenskaplike en was voorheen 'n dosent by die NWU. Ons seun, Jacques (28), is besig met sy doktorsgraad in rekenaaringenieurswese aan Purdue-Universiteit in die VSA. Ingenieurswese by Purdue bekleë die 14de posisie op die *Academic Ranking of World Universities*.



Beroepsgesondheid en veiligheid

Mnr Gerrit van Wyk is sedert Oktober 2011 die NWU se nuwe Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid. Eish! het met hom gesels oor wat 'n gesonde en veilige werksomgewing is, en die belangrikheid daarvan vir elke NWU-personeelid.



V: Waarom is beroepsgesondheid en veiligheid vir die NWU belangrik?

A: Soos alle instansies, moet die universiteit ook aan die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) voldoen.

My visie is egter dat ons nie net aan die wetlike bepalings voldoen nie, maar in so 'n mate 'n kultuur van beroepsgesondheid en veiligheid by die NWU skep dat ons in hierdie verband selfs die rigtinggewende universiteit in die land sal wees.

V: Is daar opgeleide mense by die NWU wat na beroepsgesondheid en veiligheid omsien?

A: Ja, ek is oorhoofs in beheer en is ook spesifiek verantwoordelik vir die Institusionele Kantoor. Mnr Graeme Myburgh en me Anita Kruger is verantwoordelik vir die Potchefstroom-kampus en mnr Chris Kruger vir die Vaaldriehoek- en Mafikengkampus. Mnr Lucas Manyeneng (koördineerder, tans in opleiding) is ook verantwoordelik vir die Mafikengkampus.

Hierdie koördineerders monitor beroepsgesondheid en veiligheid deurlopend by die NWU en maak seker dat dit geïmplementeer word deur die 134 opgeleide verteenwoordigers vir beroepsgesondheid en veiligheid dwarsoor die NWU.

V: Wie is hierdie verteenwoordigers en hoe word hulle aangewys?

A: Hulle is NWU-werknemers in verskillende poste wat vrywillig diens lewer as verteenwoor-

digers vir beroepsgesondheid en veiligheid. Hulle word aangewys deur medewerkers by die NWU met behulp van 'n nominasie- en verkiesingsprosedure soos die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid bepaal.

V: Aan watter gevare is NWU-werknemers blootgestel?

A: Mense wat in laboratoriums werk, is blootgestel aan onder meer chemiese middels, vlambare vloeistowwe en gasse, en mense in werksinkels gebruik dikwels bewegende masjinerie. Verder hou die beweging van ligte en swaar voertuie, konstruksiewerk en selfs sportaktiwiteite ook gevare in. Net so kan die Vaalrivier by Nooitgedacht en die Vaaldriehoek-kampus en die Mooirivier in Potchefstroom ook gevare inhou.

V: Wat kan NWU-werknemers self doen om hul omgewings te beveilig?

A: Daar is 'n paar riglyne:

- Meld gevare aan by jou veiligheidsverteenwoordiger.
- Moenie met onveilige toerusting werk nie.
- Moenie met vlambare of chemiese stowwe of met masjinerie werk as jy nie die opgelei is daarvoor nie.
- Ken jou omgewing en weet wat van jou verwag word.
- Pas die beginsels van 'goeie huishouding' toe.

V: Wat behels goeie huishouding?

A: Dit kom daarop neer dat daar 'n plek vir alles is en dat alles op hul plek moet wees. Sorg dat jou werksomgewing ordelik is: Raak dikwels genoeg ontslae van afval, insluitende vlambare vloeistowwe, olierige lappe en afvalpapier, hou laaie en kasdeure toe en bêre toerusting op hul

plekke ná gebruik. Goeie huishouding maak jou meer produktief, jou werkplek veiliger en jou werk makliker en aangenamer.

V: Hoe en waar kan 'n mens voorvalle of probleme aanmeld?

A: Alle insidente, soos brande en skade aan voertuie en geboue, moet by die beheerkamer van jou kampus se beskermingsdienste en toepaslike veiligheidskoördineerders aangemeld word.

As daar beserings is wat noodhulp vereis, moet dit by jou departement se noodhulpbeampte aangemeld word. As beserings meer as noodhulp vereis, moet dit by die beheerkamer van die betrokke kampus se beskermingsdienste en by jou kampus se veiligheidskoördineerder aangemeld word.

ALGEMEENSTE BESERINGS

By die NWU was 51% van die beroepsbeserings wat in 2011 aangemeld is as gevolg van gly en val, 18% van die aangemelde voorvalle was snywonde, 11% brandwonde, 11% stampe, 6% oogbeserings en 3% frakture. Dit stem in 'n groot mate ooreen met die beroepsbeserings wat volgens verskeie webblaaie die meeste wêreldwyd voorkom:

Gly, struikel, val: Byvoorbeeld as gevolg van iets wat op die vloer lê, of die slegte toestand van die vloeroppervlak.

Elektriese skokke of brandwonde: Byvoorbeeld as gevolg van foutiewe elektriese bedrading of toerusting, vlambare vloeistowwe of gasse, gebruik van hitte byvoorbeeld in kombuise of vloeistowwe naby elektriese apparaat of bedrading.

Rug-, nek- en kopbeserings: Byvoorbeeld as gevolg van harde hande-arbeid, vallende voorwerpe, en die optel, stoot of rondra van swaar voorwerpe. Kleiner, herhalende bewegings soos tikwerk kan ook byvoorbeeld hand- of gewrigbeserings meebring.



Mnr Gerrit van Wyk het op 1 Oktober 2011 by die NWU diens aanvaar as Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid. Hy was voorheen 'n konsultant by AJ Kirsten Risiko-konsultante in Randfontein.

Gestremdheid is geen struikelblok vir Letlhogonolo nie

Letlhogonolo Mafela, 'n spesiale jong man van Mafikeng, is slag gereed vir nuwe uitdagings en sien met opwinding uit na sy eerste jaar by die NWU.

Letlhogonolo is 'n voorbeeld vir baie van ons. Hy is sonder arms gebore en het homself met sy regtervoet en mond leer skryf. So het hy dan ook sy matriek eksamen met sy regtervoet geskryf en boonop met universiteitsvrystelling geslaag.

Hoewel hy ekstra tyd toegelaat is om sy eindeksamen te skryf, het hy al sy vraestelle binne die voorgeskrewe tyd voltooi. Soms, wanneer sy regtervoet moeg geword het van die skryf, het hy sy mond gebruik.

"Ek wil 'n wetenskaplike word en gaan daarom biologiese wetenskappe studeer," sê Letlhogonolo, wat aan die Matuba Hoërskool gematrikuleer het. Hy is by die Mafikengkampus ingeskryf en gaan daar in die koshuis woon.

Letlhogonolo is onlangs vir sy deursettingsvermoë vereer. Hy het 'n skootrekenaar by die Noordwes-Onderwysdepartement gekry asook 'n R50 000-skenking by die Kenneth Kaunda-distriksmunisipaliteit.

'n Onbekende weldoener het vir hom R10 000 gegee en die NWU 'n beurs wat sy studie-, boek- en verblyf koste sal dek. "Ek is baie trots op hom," sê sy ma, me Grace Mafela.



Foto: Susan Cilliers, Beeld.

Letlhogonolo Mafela, nou 'n eerstejaarsstudent aan die Mafikengkampus van die NWU, laat nie die feit dat hy sonder arms gebore is hom onderkry nie. Hier is Letlhogonolo en sy ma, me Grace Mafela.



Gemeenskap reik na die sterre

Die gemeenskap van Atamelang het na die sterre gereik toe die Mafikengkampus 'n openbare lesing gereël het om die vreugdes van wetenskap en veral astronomie met die jeug van die dorp en omliggende areas te deel.

Die lesing is op 28 November 2011 by die Gemeenskapsaal in Atamelang, 120 km vanaf Mafikeng, gehou.

Die lesing getiteld "'n Reis deur die sonnestelsel" is aangebied deur prof Thebe Medupe, Suid-Afrika se eerste swart sterrekundige en 'n dosent in astrofisika in die Fisikadepartement op die kampus.

Die kampusrektor, prof Dan Kgwadi, het ook die geleentheid bygewoon, saam met die plaaslike organiseerder, munisipale raadslid, vakspecialiste en plaaslike opvoeders. Volgens prof Dan is dit die begin van 'n reeks openbare lesings wat daarop gemik is om verhoudings met gemeenskappe regoor die Noordwesprovinsie uit te bou.

Na afloop van die lesing het die lede van die Atamelang-gemeenskap die geleentheid gekry om die uitspansel deur 'n teleskoop te bekijk.



Die TX80-dubbelskroef-voedseluitperser in Feedpro se hondekosaanleg.

Gaarmaak op 'n innoverende manier

Die ingenieurs van die Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging (bekend as CFAM) van die Potchefstroomkampus, het beslis innovasie aan die dag gelê toe hulle 'n unieke ekstrusiemasjien vir FeedPro Animal Nutrition, 'n filiaal van Profert, ontwerp en vervaardig het.

Trouens, dié Vryburgse kliënt was so ingenome met die masjien wat CFAM, met prof LJ Grobler en mnr Danie Vorster aan die stuur, in 2011 vir hulle ontwerp het, dat hulle sedertdien nóg twee bestel het.

Hierdie ekstrusiemasjien, die TX80, is die grootste dubbelskroef-voedseluitperser wat nóg in Suid-Afrika vervaardig is.

Ekstrusie het met die gaarmaak en uitpersing van produkte te doen en kan beskryf word as 'n proses waardeur materiaal deur 'n gedefinieerde opening geforseer word. In die geval waar voedsel- of voerprodukte deur middel van ekstrusie verwerk word, maak 'n meganiese gaarmaakproses deel uit van die verwerking. Ekstrusie word in die voedsel-, voer-, plastiek-, poeierverf- en samestelsbedryf toegepas. Voedselprodukte soos ontbytgraankos, pofskyfies en hondekos kan só vervaardig word.

"Ekstrusie is veral geskik vir Afrika omdat dit 'n relatief goedkoop, energiedoeltreffende en maklik uitvoerbare metode is om 'n wye reeks voedselprodukte vir mens en dier te vervaardig. Dit is ook omgewingsvriendelik, aangesien dit baie min afvalprodukte oplewer," sê prof LJ.

Innoveerders ontwerp lisensieskandeerder

Die unieke lisensieskandeertoestel van die departemente Beskermingsdienste en Elektroniese Dienste het hulle tydens die toekenningseremonie vir navorsing 'n toekenning vir die mees innoverende bydrae tot die verbetering van 'n bestaande NWU-bestuurstelsel, proses of werkverrigting in die sak gebring.

Die lisensieskandeerders is by die voertuighekk geïnstalleer as toegangsbeheermaatreël vir besoekers aan die NWU. Die toestelle is by nege kampushekke aangebring, onder meer dié by die Institusionele Kantoor en die nuwe Ingenieurswese-gebou.

Mnr Danie Stoop, die hoof van Elektroniese Dienste, sê die verwesenliking van die uitvinding was werklik 'n spanpoging, met waardevolle insette van Instrumentmakery.

Die doel van toegangsbeheer is om tred te hou van elke besoeker, voertuig en lisensiekaart wat deur die hekke beweeg.

Volgens Danie is nie 'n enkele voertuig as gesteel aangemeld sedert die bekendstelling van die skandeertoestel nie. 'n Verdere bonus is dat dié oefening ook tyd- en kostedoeltreffend is.

Awie groet op hoë noot

Ná 36 jaar het prof Awie van Wyk in Desember verlede jaar die tuig neergelê as koorleier van die NWU.

Sy loopbaan het op 'n hoë noot geëindig. Die NWU-PUK-Koor het in Desember aan die Praagse Internasionale Kers- en Koorfees-kompetisie deelgeneem waar hulle met die louere weggestap het in die afdeling vir groot kore en ook as algehele wenner gekroon is.


"Dit was 'n ongelooflike ervaring, ek was so trots op die koor. Dit was die perfekte manier om my tyd saam met die koor te eindig," sê hy. 'n Loopbaan-hoogtepunt was toe oudpresident Nelson Mandela saam met die NWU-PUK-Koor gedans het. "Hy het werklik charisma, daar is

net iets aan hom wat ek nie kan beskryf nie," sê prof Awie.

Hoewel prof Awie nog nie vaste toekomsplanne het nie, is 'n vakansie in die Karoo sy onmiddellike doelwit en vandaar sal hy sy opsies oorweeg.

Prof Awie word opgevolg deur die mnr Kobus Venter, iemand vir wie hy net lof het. "Ek laat die koor in goeie hande. Kobus is uiters talentvol en ek is 100% seker dat hy 'n sukses daarvan sal maak."

Groot skoene om vol te staan is prof Awie s'n gewis, maar dit lyk of Kobus se hande bekwaam genoeg is om dié veters te knoop.



Musiek, sy hartekos, sal prof Awie van Wyk nog lank geniet. "Musiek sit om in skoonheid... in fyngoud. Dit is die alles van menswees. Goeie musiek is soos goeie vriende," sê hy.



Papiervliegtuigies vir vryheid

Die vakgroep Politieke Wetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe het onlangs deel geword van die internasionale inisiatief om 'n einde te maak aan slawerny.

Die CNN-vryheidsprojek – 'n geesteskind van die internasionale nuusagentskap CNN – is daarop gemik om die lot van hedendaagse slawe onder die wêreld se aandag te bring.

As deel van die bewusmakingsveldtog het CNN individue gevra om papiervliegtuigies te maak, boodskappe van hoop daarop te skryf, en dan die vliegtuigies vir iemand anders te gee ten einde die projek wyer bekend te stel. Dr Ina Gouws van die vakgroep Politieke Wetenskappe bestempel die papiervliegtuigies as 'n simbool

van die pad na vryheid. "Dit is verbasend dat daar vandag meer mense is wat dwangarbeid verrig as ooit vantevore," sê sy, en voeg by dat die meeste lede van die publiek salig onbewus is van hierdie globale krisis.

Volgens die statistiek word tussen 600 000 en 800 000 mense per jaar "gevang" en oor landsgrense heen weggevoer.

Daar is vandag na raming minstens 10 miljoen slawe in die wêreld – meer as op enige ander tydstip in die geskiedenis van die mensdom.

"Ons deelname aan die projek beteken dat ons eienaarskap neem van hierdie globale gruwel," sê dr Ina.

Fakulteit erken navorsers vir uitnemendheid en prestasies

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het personeel onlangs vir hul bydrae tot navorsingsuitnemendheid beloon. Tydens die toekenningseremonie het personeel nie net erkenning gekry van die kant van die fakulteitsbestuur nie, maar ook van hul eweknieë.

Die hoogtepunt van die gebeurtenis was die aankondiging van die topdrie-navorsers in die fakulteit. Die Navorser van die Jaar-toekenning is gemaak aan dr Wedzerai Musvoto (eerste plek), met prof Wynand Grobler in die tweede plek en prof Etienne Barnard derde. As fakulteitsnavorsers van die jaar het dr Wedzerai weggestap met R20 000 vir toekomstige konferensiebesteding, 'n sertifikaat van erkenning en 'n luukse geskenkpak.

Sertifikaat van erkenning is in twee kategorieë toegeken: Navorsingsuitnemendheid en Navor-

singsprestasie. In die kategorie vir Navorsingsuitnemendheid het die volgende kollegas erkenning ontvang: dr Roelien Goede, prof Philip Pretorius, prof Dawid Jordaan, dr Aaron Tau, me Charmaine Scrimnger-Christian, prof Marelie Davel, prof Andrea Garnett, mnr Andre Mellet, dr Joseph Sekhampu, prof Ayesha Bevan-Dye en prof Gert van der Westhuizen.

In die kategorie vir Navorsingsprestasië het ses personelede toekennings ontvang. Hulle is dr Natasha de Klerk, me Malie Zeeman, me Imelda Smit, me Verushka Pelser-Carstens, dr Diana Viljoen en dr Charles van der Vyver.

In sy toespraak het die dekaan, prof Herman van der Merwe, die navorsers geloof vir hul toewyding en hulle aangemoedig om gefokus te bly en aan te hou soek na geleenthede vir verdere navorsing.

Nuwe dosente blink uit

Die Eenheid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO-eenheid) van die Vaaldriehoekskampus het die 2011-Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) se sertifikaatseremonie op 15 November 2011 by die Quest-konferensiesentrum aangebied.

Prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning was die gasspreker by hierdie spesiale geleentheid waartydens nuut aangestelde dosente hul IKND-sertifikate ontvang het.

Die hoogtepunt van die aand was die aankondiging van die AOO/IKND-toekenning vir uitstaande deelname in 2011. Dr Esmarie Strydom, Hoof: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, het hierdie toekenning gemaak aan me Mari-Leigh Pienaar van die Fakulteit Geesteswetenskappe en mnr Habofanwe (Fanie) Andreas Koloba van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.

Die AOO-eenheid wil graag 'n spesiale woord van dank rig aan prof Martin Oosthuizen, Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer en dr Muki Moeng, Institusionele Direkteur: Onderrig-Leer.



Foto deur Jorge H Martins en Elne Papenfus.

Mnr Habofanwe (Fanie) Andreas Koloba van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie en me Mari-Leigh Pienaar van die Fakulteit Geesteswetenskappe was die ontvangers van die AOO/IKND-toekenning vir uitstaande deelname in 2011.

NWU-kundiges kén hul storie


Lede van die NWU-gemeenskap het die afgelope tyd weer hul kundigheid by verskillende geleenthede met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



“ Die wanopvatting is dat mense wat ‘n antisosiale persoonlikheidsversteuring het, nie goeie sosiale vaardighede het nie, maar soms het hulle juis. ‘Antisosiaal’ beteken in hierdie geval gedrag wat nie deur die gemeenskap goedgekeur word nie. ”

Prof Karel Botha, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Potchefstroomkampus

(Na aanleiding van die beweerde gruweldade van die sogenaamde “Modimolle-monster”.)
Beeld, 18 Januarie 2012



“ Veeveilings demonstreer die geldwaarde van skaars wildspesies. Formele veilings het tot soveel as R200 miljoen per jaar gegenereer, terwyl informele veilings waarskynlik dubbel soveel ingebring het. ”

Prof Flippie Cloete, Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur, Potchefstroomkampus

Mail & Guardian Online, 6 Januarie 2012



“ Sowat 10 000 mense het op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus byeengekom vir die ontvangs van die nuwe eerstejaars. Ongeveer 67% van die studente wat op dié kampus studeer, is vroue. ”

Prof Herman van Schalkwyk, Rektor: Potchefstroomkampus

Beeld, 15 Januarie 2012

“ Ons het verlede jaar ‘n toeloop vir laataansoeke van studente gehad, maar dit was hierdie jaar 75% minder danksy die feit dat ons die 30 September-sperdatum verlede jaar benadruk het met onder meer besoeke aan skole. ”

Mnr Koos Degenaar, Direkteur: Bemaking en Kommunikasie, Mafikengkampus

Beeld, 12 Januarie 2012



“ Ons kampusbevolking het mobiele toestelle, spesifiek skootrekenaars en slimfone, met entoesiasme deel gemaak van hul lewens. Ons moet ‘n omgewing daarstel waar veilige Wi-Fi-toegang enige plek en enige tyd beskikbaar is vir studente. As deel hiervan moes ons ook seker maak dat hierdie toestelle aan ons IT-sekureiteitsbeleide voldoen. Network Sentry was die enigste oplossing wat aan al ons kriteria voldoen het. ”

Mnr Hannes Kriel, netwerkingenieur, IT-Sentraal, Institusionele Kantoor

(Na aanleiding van die NWU wat oop en beveiligde netwerk vir mobiele toestelle implementeer.) ResponseSource, 9 Januarie 2012



Mense wat myle stap

2012 het soos 'n vars lentebriesie ingewaai en die NWU-personeel bewys weer dat harde werk, toewyding en die bereidwilligheid om die tweede myl te loop 'n verskil in ander mense se lewens maak. Ons gebruik graag die geleentheid om aan hierdie kollegas die erkenning te gee wat hulle verdien.

Me Jeadā Aucamp, 'n senior administratiewe assistent in die departement Fisiese Infrastruktuur en Beplanning in die Institusionele Kantoor gaan altyd uit haar pad om ander te help.

"Jeadā is altyd baie vriendelik en behulpsaam en stap die tweede myl om tegniese probleme in die Institusionele Kantoor op te los," sê Me Yolande Bechaz, administratiewe beampte in die kantoor van die Hoofdirekteur: Finansies.

Yolande neem ook graag die kans waar om nog 'n personeellid te nomineer – **mnr Anton Badenhorst** van die departement Tegniese Dienste op die Potchefstroomkampus. "Geen probleem is te groot vir Anton nie en hy skroom nie om uit sy pad uit te gaan om ander te help nie, selfs al is dit nie deel van sy werk nie. Dankie, Jeadā en Anton!"

Volgens me Kgomo-tso Direko, 'n lektor in die Departement Verpleegkunde in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus, is **me Nalishebo Kakula**, 'n senior mensehulpbronne-konsultant in die departement Mensehulpbronne van dieselfde kampus 'n pragtige voorbeeld van hoe 'n NWU-personeellid uit haar pad gaan vir ander. "Nalishebo lewer uitstekende kliëntediens. Sy is altyd daar om die nodige inligting te verskaf en verleen graag hulp aan personeel en studente," sê sy.

Nog 'n personeellid wat 'n pluimpie verdien, is **me Aldene Oosthuyzen**, IT-Bestuurder op die Vaaldriehoekkampus. Me Pauline Kühne, argivaris van dié kampus is van mening dat sy nooit te besig is om te help nie, en altyd uit haar pad uit gaan om 'n ieder en 'n elk te help. "Dankie vir jou hulp Aldene, sonder jou sou ek en baie ander met 'tegnologie-fobie' baie verlore gewees het."

Me Elizabeth Hattingh, 'n lektor in die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus nomineer graag vir **me Louise Meyer**, sekretaresse in die kantoor van die skooldirekteur. "Louise is 'n wonderlike mens wat altyd enige een van die personeel van ons skool sal help, al het sy self baie werk. Sy het altyd 'n vriendelike glimlag vir elkeen van ons en het altyd tyd om

na ons te luister. Haar toewyding spreek boekdele en sy is vir ons goud werd," sê Elizabeth.

Me Lerato Mojaki, 'n navorsingsbeampte in die departement Navorsingsondersteuning in die Institusionele Kantoor is van mening dat **me Marietjie Halgryn**, 'n senior navorsingondersteuningsbeampte van dieselfde departement, uitstaan in al haar werksaktiwiteite. "Marietjie lewer nie net uitstekende diens nie, maar is ook bekend vir haar positiewe ingesteldheid, toewyding en entoesiasme," sê Lerato.

Me Elsa Stoop, 'n tikster/klerk in die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus is nog 'n staatmaker. "Elsa is werklik 'n hardwerkende persoon, maar dit wat die meeste vir ons kollegas uistaan, is haar persoonlikheid. Elsa het altyd 'n glimlag op haar gesig, luister altyd na wat jy op die hart het en is werklik 'n kollega duisend," sê me Lizette Vermeulen, 'n administratiewe assistent van dieselfde skool.

Die rektorskantoor op die Potchefstroomkampus nomineer graag vir **me Joey Potgieter**, 'n senior komiteeklerk in die kantoor van die kampusregistrateur. "Harde werk gaan nie ongesiens verby nie en ons wil graag vir Joey dankie sê vir haar toewyding. Haar institusionele kennis van die voormalige PU vir CHO, die samesmelting en die NWU is van onskatbare waarde. Dankie, Joey!"

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

JEADA AUCAMP



ANTON BADENHORST



ALDENE OOSTHUYZEN



LOUISE MEYER



MARIETJIE HALGRYN



ELSA STOOP



JOEY POTGIETER



Eish!-lesers gee terugvoer

Wat nuus betref, hou Eish! se lesers die meeste van artikels oor onderrig-leer en tweede meeste van artikels oor sentra, skole, fakulteite en ondersteuningsdepartemente by die NWU.

Dié voorkeure blyk uit die vraelyste wat Eish!-lesers teen die einde van 2011 voltooi het.

Wat nuus betref, lyk die lesersvoorkeure – in volgorde van gewildheid – so:

- Onderrig-Leer
- Sentrums/skole/fakulteite ondersteuningsdepartemente
- Raadsake en -besluite
- Volhoubaarheid (om “groen” te leef)
- Personeelsake (Mensehulpbronne)
- Prestasies van individue
- Navorsing

Die volgorde van lesersvoorkeur wat betref gereelde artikels wat in Eish! verskyn, lyk so:

- Aanhalings van NWU-kundiges
- Fokus op ... -reeks

- Kampusnuus
- Redaksionele boodskap
- Langer artikel oor NWU-persone op die middelblad

Op die vraag: “Waaroor sal jy graag meer wil lees in Eish!” het lesers verskeie voorstelle aan die hand gedoen.

Sommige lesers het voorgestel dat ons artikels plaas oor informele onderwerpe soos stokperdjies van personeel, raad oor plante, vermaak, resensies van fliks of goeie opvoerings, gedagte van die dag en gunsteling-resepte van personeel.

Ander lesers wil artikels oor meer formele onderwerpe hê, byvoorbeeld oor strategiese prioriteite, beplanning en ontwikkeling van die NWU, vakkundige inligting, nakomingskwesies (wette, regulasies) en die NWU se impak op die gemeenskap.

Voorstelle vir veranderinge of verbeteringe in toekomstige uitgawes van Eish! sluit die

volgende in:

- Maak ’n goedkoper/aanlyn-“groener” weergawe beskikbaar.
- Gee opbouwende kritiek en nie net propagandistiese “kom ons maak of alle probleme net uitdagings is” nie.

Baie dankie aan elkeen wat aan die meningsopname deelgeneem het – onthou, jou mening is die kompas wat Eish! op koers hou.

Kommentaar is altyd welkom. Stuur dit aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of aan marelize.santana@nwu.ac.za, faks dit na 018 299 4938 of stuur dit per interne pos na bussie 260.

Indien jy voortaan die elektroniese weergawe van Eish! wil ontvang, stuur gerus ’n e-pos na Marelize Santana.

Hier is die wenner

In ’n gelukkige trekking het verskeie deelnemers aan ons meningsopname R250 elk ontvang. Hier is die drie wenner van elke NWU-besigheidseenheid:

Mafikengkampus:

Me Tsholofelo Leeuw,
Sentrum vir Gemeenskapsreg
Me Phonie Mahlasela, Biblioteek
Me Canada Musi, Biblioteek

Potchefstroomkampus:

Me Annelien Beckley,
Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies
Mnr Danie Stoop, Elektroniese Dienste
Mnr Renaldo Cupido, Kantoor van die Kampusregistrateur

Vaaldriehoekskampus:

Dr Joseph Sekhampu,
Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Dr Charles van der Vyver,
Skool vir Inligtingstegnologie
Dr Diana Viljoen,
Skool vir Ekonomiese Wetenskappe

Institusionele Kantoor:

Dr Rudi van der Walt, Tegnologie-oordrag
en Innovasie-ondersteuning
Me Bianca du Preez, Regsdienste
Mnr Tommy Pietersen, Kwaliteitskantoor

Nog lesersreaksie ontvang

VRAAG	JA	NEE
Beskou jy Eish! as ’n waardevolle bron van inligting?	86%	14%
Moet ons die kampusnuus-bladsye in Eish! meer maak?	79%	21%
Moet ons meer artikels oor NWU-mense plaas?	81%	19%
Hou jy daarvan om te lees wat verskillende mense oor ’n spesifieke onderwerp dink? (Vox Pop-idee)	70%	30%
Ver kies jy om Eish! aanlyn (elektronies) te lees, of as gedrukte publikasie?	AANLYN : 38%	GEDRUK : 62%



Prof Martin help met kwaliteit in SA

Die Suid-Afrikaanse Raad op Hoër Onderwys het onlangs prof Martin Oosthuizen, Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer (links), aangestel op die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) vir die periode 1 April 2012 tot 30 Maart 2015. Die Raad op Hoër Onderwys adviseer die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding wat beleidsake oor hoër onderwys betref. Die HOKK is ’n permanente komitee van die raad en voer sy verantwoordelikheid uit om kwaliteit in hoër onderwys te bevorder en te verseker.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenk wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**



- 6: Nagenoeg hoeveel eerstejaars is op die Mafikengkampus verwelkom?
- 7: Wat is prof Kobus Pienaar se gunstelingdis?
- 8: Wie is die nuwe Institusionele Koördineerder: Beroepsgesondheid en Veiligheid?
- 9: Wat het die vakgroep Politieke Wetenskappe op die Vaaldriehoek-kampus gedoen om deel te word van die internasionale inisiatief om 'n einde te maak aan slawerny?
- 10: Watter persentasie personeel uit die Eish!-opname verkies om die Eish! aanlyn te lees?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelsnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!



Duisende eerstejaars het vanjaar hul studies op die drie NWU-kampusse begin. Hier kyk die drie "studente-pa's" van die kampusse toe terwyl dr Theuns Eloff, NWU-visekanselier, die jongklomp verwelkom. Agter van links is dr Sam Thekiso, Studentedekaan, Mafikengkampus, prof Rikus Fick, Studentedekaan, Potchefstroomkampus en mnr Jacob Simango, Direkteur: Studentesake, Vaaldriehoekkampus.



Vir me Liezl Kruger, digitale-media-ontwikkelaar by d-Media in die Departement Akademiese Steundienste op die Potchefstroomkampus, is die volgende gesegde spesiaal:

“Jou nalatenskap moet wees dat jy dit wat jy gekry het, **beter gemaak het.”** - Lee Iacocca,
Amerikaanse motorindustrie-magnaat

Het jy 'n gunsteling gesegde of aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.

www.nwu.ac.za